

RESPONSE TO PAPERS OF DR MIA ROTH AND DR ELIZE VAN EEDEN

*Prof. Johan de Villiers
Department of History
University of Zululand*

Die referate van dr. Roth and dr. Van Eeden sluit ten nouste by mekaar aan. Opstellers van tersiêre kurrikula sal moet kennis neem van sowel die historiese persepsies van studente, as die gebruikswaarde van die vak geskiedenis vir mededissiplines en moontlike beroepsgeleenthede.

Concerning Dr Roth's paper, one should welcome it as an important attempt to establish how first-year History students at the various campuses of Vista University perceived certain controversial aspects of the South African past during 1993. Underlying her attempt is most probably the concern that historical consciousness will *ipso facto* include the process of teaching and learning of students. This is emphasised by the eminent German historian, Prof. Jörn Rüsen of Bielefeld, in his recent publication *Studies in Meta-history* (p. 194). In a positive sense historical consciousness should promote students' understanding of the possibilities of change and the possibilities within people - much needed in a transforming post-apartheid South Africa.

The purpose of Dr Roth's project was mainly to establish the extent of racial misinformation, prejudice, socialism, etc. of this select group of students. One may argue about the choice of particular items, their phrasing, the open-ended questions or the lack of a control group. One should also note that Prof. Jan Sadie (University of Stellenbosch) recently stated that opinion polls are generally not very reliable. The ideas, perceptions and emotions of people may change dramatically in a relatively brief period of time - due to external factors. It is possible that Dr Roth may find that a new student population in the near future at her University (e.g. after a general election), may respond quite differently to those of 1993. Other variables that may influence such a change in historical consciousness may be

- (i) improved education;
- (ii) new ways of communication;
- (iii) access to alternative sources of information;
- (iv) improved study facilities or
- (v) a new environment.

The value of Dr Roth's project lies in the possible application of improved teaching methods and basic historical sources to develop attitudes and values. The responses of first-year History students at Vista clearly revealed the "quality" or "lack of quality" of the present teaching of South African history at schools of the different education departments. However, one should be careful about generalising. Not all South African first-year History students at so-called Black (but officially open!) universities will necessarily respond in the same way to the particular items. It is noteworthy that Vista has no campus in Natal, where the majority of Zulu people live. Their perceptions of South African history may be different to those of students in other parts of the country. At least to some extent Dr Roth also discovered that history students at the Port Elizabeth Campus responded differently to those students of the other Vista Campuses (e.g. on Marxism).

It seems to me a first priority that all teachers and lecturers of South African history should apply all possible didactical methods to remedy "misinformed" students. In a multi-cultural South Africa historians may contribute significantly to a better understanding of reality in a changing world ...

Dr. Van Eeden bepleit op oortuigende wyse o.a. die dinamiese vernuwing van Geskiedenis kurrikula op tersiêre vlak. In die vroeë sewentigerjare is die resultate van 'n kwantitatiewe analise van geskiedenis op universiteitsvlak in die tydskrif **Historia** gepubliseer. Dr. Van Eeden se huidige navorsing bied in belangrike vergelykingsbasis. Ek volstaan met enkele opmerkings:

Te midde van die transformasie van leerplanne sal die "goeie" in bestaande kurrikula behou en sinvol by nuwe temas geïntegreer moet word. Die RAU-konsep wat as voorbeeld genoem is, lyk belowend.

Tweedens is dit belangrik dat kurrikula insig deur vergelykende temas moet bevorder. Vergelykende geskiedenis stel hoë eise aan die student, want daar moet op ooreenstemmende eienskappe in

veralgemeinings gelet word, terwyl daar ook erkenning aan die unieke verleen moet word.

Derdens sal Geskiedenis-kurrikula ruim en plooibaar moet wees, sodat die grootste moontlike verskeidenheid temas en gesigspunte oorweeg kan word. Die klem sal moet val op eietydse en plaaslike behoeftes, sonder om die universele perspektief na te laat.

Vierdens is daar die omstrede beklemtoning van relevansie. Myns insiens kan alle geskiedenis relevant wees, afhangende van die fokus en aanbieding daarvan.

Dit is onteenseglik waar dat geen universiteitsillabus finaal kan wees nie, dit moet **voortdurend** aangepas en opgegradeer word.

Dr. Van Eeden se referaat raak die **raison d'être** aan van Geskiedenisdepartemente aan Suid-Afrikaanse tersiêre instellings. Sommige departemente beleef tans 'n kommerwekkende afname in voorgraadse studentegetalle. Vir hierdie departemente bly rasionalisasie 'n bedreigende monster en moet daar naarstiglik introspeksie gehou en na uitweë ter wille van oorlewing gesoek word. Dit bly egter 'n feit dat so 'n verloop van sake onaanvaarbaar is as die onbetwiste waarde van Geskiedenis as sentrale kultuurvak en noodsaaklike perspektiefgewer aan die hede erken word. Wyle prof. H.B. Thom het nie verniet nie tydens 'n vergadering van die Historiese Genootskap in 1972 aangevoer dat 'n persoon wat nie 'n historiese bewussyn het nie, soos 'n pasiënt is wat aan geheueverlies ly - hy weet nie wie hy is of waar hy vandaan kom nie; hy is totaal gedisoriënteerd in die hede.

In ons tyd word talle belowende Geskiedenisstudente na ander studierigtings weggeleek deur spesifieke beursbepelings, voorgeskrewe vakkombinasies, beloftes van gunstiger/alternatiewe beroepsmoontlikhede en/of suiwer materiële winsvooruitsigte. Deur doelgerigte benutting van die openbare media sal die

intrinsieke en praktiese waarde van Geskiedenis as noodsaaklike lewensvak deur elke oortuigde dosent, onderwyser en student bevorder moet word. Die Geskiedenisdosent sal nie net ander hulpdisiplines benut nie, maar veral ook moet beklemtoon dat Geskiedenis tot diens en voordeel van ander wetenskappe is. Hier is 'n gulde geleentheid vir inter- en multidisiplinêre samewerking op tersiêre vlak. Geskiedenis is by uitnemendheid die ideale "koppelvak" in die geesteswetenskappe.

Om prakties te wees: Ons kan byvoorbeeld op honneursvlak toelaat dat studente 'n vraestel in 'n verwante vakgebied aanbied. Geskiedenisdosente kan help met lesingmodules in verwante vakgebiede, by filosofie, politieke wetenskap en die vakdidaktiek. Die Geskiedenisdepartement kan inter-vak-studieleiding aan nagraadse studente verleen. Prof. André Bourgieure van die Franse Annalesskool is oortuig dat 'n geskoolde historikus die mees geskikte en aanvaarbare leier van groepwerk in kulturele en sosiale navorsing is. Ten slotte sou Geskiedenisdepartemente sinvolle vakpakette met die oog op loopbaanvereistes kan saamstel as aanbeveling vir voornemende Geskiedenisstudente, maar 'n oop benadering bly noodsaaklik.

Die samelewing eis dat tersiêre geskiedenis verbeeldingryk en relevant moet wees. In hierdie opsig steun ek prof. P.H. Kapp wat tydens die Historiese Genootskap se konferensie in 1992 aanbeveel het dat Geskiedenis-kurrikula eerder op historiese ontwikkeling/voortgang en verskynsels gerig moet wees as op verskillende rasse. Daardeur sal baie vooroordeel teen die beweerde misbruik of verwringing van die vak ter wille van politieke bymotiewe uitgeskakel word.

As 'n mens aan die vele beroepsterreine dink waar historici al uitgeblink het - van die teologie tot die internasionale diplomatie - dan moet ons saamstem met die Latynse spreuk **historia vitae magistra**: Geskiedenis is die leermeesteres van die lewe!